BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 17 MAART 2011 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE

Rdl D Mbabane	[OD]	:	Speaker
Rdl J Liebenberg	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl R Van Rooy	[Onafhanklik]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl A De Vries	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee
Rdh P Van Niekerk	[DA]		
Rdh J Raats	[DA]		
Rdl Me E Schreuder	[DA]		
Rdl Me S Crafford	[DA]		
Rdl Me S Lesch	[ANC]		
Rdl J Afrikaner	[ANC]		
Rdl C Karools	[ANC]		

AMPTENARE:

Me E Liebenberg	:	Munisipale Bestuurder
Me A Delport	:	Direkteur Administratiewe Dienste (wnd)
Mnr A Willemse	:	Direkteur Tegniese Dienste (wnd)
Mnr J Van Niekerk	:	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr N Scheepers	:	Senior Klerk : Komiteedienste

1. **OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME**

   Die Burgemeester open die vergadering met skriflesing en gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)**

   Me R Pietersen
   Me H Priem

3. **VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE PARAGRAAF 5 VAN SKEDULE 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE) / DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF PARAGRAPH 5 OF SCHEDULE 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)**

   - Geen / None

4. **BEKRAGTIGING VAN NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS / CONFIRMATION OF MINUTES OF PREVIOUS MEETINGS (3/3/2/2)**

- Geen / None

5. **VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6; 11/3/4)**

- Geen / None

6. **ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)**

- Geen / None

7. MOSIES / VRAE / MOTIONS / QUESTIONS (3/3/1/1; 3/3/1/2)

Raadslid De Vries versoek dat die item met betrekking tot die Direkteur Tegniese Dienste se aanstelling in terme van die Reglement van Orde, ingevolge Artikel 38 of Artikel 40 bespreek word.

Die Speaker reël dat geen dringende items/mosies hanteer sal word nie en beroep hom op die Stelselswet.

Die Munisipale Bestuurder noem dat geen bepaling/klousule in die Stelselswet bestaan, waarna die Speaker verwys nie en versoek dat sy die raad inlig met betrekking tot die memorandum in haar besit.

Die Munisipale Bestuurder versprei die memorandum : Moontlike vrugtelose en vermorste uitgawes (Bylae A) aan die raadslede en lees dit voor aan die vergadering.

Raadslid Karools voer aan dat die Speaker sy reëling moet handhaaf met betrekking tot die hantering van mosies/dringende items.

Raadslid De Vries versoek dat die Speaker die raad inlig met betrekking tot watter bepaling in die Stelselwet hy die reëling maak en noem dat geen bepaling op persoonlike sienswyse gebaseer moet wees nie. Hierna versoek hy ‘n koukusgeleentheid met betrekking tot besprekingspunt.

Raadslid Afrikaner versoek weereens dat slegs items in die agenda bespreek word.

Die Speaker herhaal sy reëling dat geen mosie/vrae/dringende items bespreek sal word nie.

Vergadering breek om 10:20 en hervat om 10:50.

Na die koukusgeleentheid bevestig die Speaker sy reëling en versoek dat die Munisipale Bestuurder slegs die implikasies soos in die memorandum vervat, aan die raad uitlig.

Die Munisipale Bestuurder gaan voort met betrekking tot die inhoud van memorandum: 4/2011 van 12 Maart 2011.

Sy meld vervolgens dat alle uitgawes gelys is en bevestig dat die Burgemeesters-komitee versoek het dat die raad die aangeleentheid aanhoor, om sodoende betyds ‘n aanbod aan die kandidaat (wat dalk nie die pos gaan aanvaar nie) te maak, om sodoende een maand kennis te gee en moontlik 1 Mei 2011 te begin.

Verder meld sy:

* dat die volgende Raadsvergadering (28 Maart 2011) die raad te min tyd bied om met die aanbevole kandidaat te onderhandel met betrekking tot sy aanstellingskontrak;

* dat die Speaker baie goeie rede verskaf waarom hy nie die aangeleentheid wil aanhoor nie en so laat notuleer;

* dat besluit kan word wie verantwoordelik sou wees vir die bedrag soos genoem in die memorandum, die volle raad of individue wat die reëling gemaak het dat geen mosie/dringende items bespreek sal word nie;

* dat volledig hieromtrent aan die Minister vir Plaaslike Regering en Ouditeur-Generaal gerapporteer sal word.

Die Speaker bevestig sy standpunt weereens.

Raadslid Karools versoek dat vergadering voortgaan soos deur die Speaker bepaal en meld dat daar genoegsame tyd vir die raad is om ‘n weldeurdagte en ingeligte besluit by die volgende Raadsvergadering te maak.

Raadslid De Vries hou voor : Strukture Wet, Artikel 37 (met verwysing na die funksies van die Speaker); en meld dat in die lig van die feit dat die Speaker geen rede(s) verskaf ingevolge die reëling wat gemaak is nie en teenstrydig optree ten opsigte van die genoemde wetgewing en ordereëls van die raad, het die DA-raadslede geen ander keuse om ‘n mosie van wantroue teen die Speaker in te stel nie.

Die Speaker meld dat hy hiervan kennis neem en dat die vergadering sal voortgaan en versoek dat Raadslid De Vries die genoemde mosie by die Munisipale Bestuurder indien en reël dat hy geen koukusgeleentheid toestaan nie.

Die Sweep van die DA-koukus meld dat hulle die reëling ten opsigte van die hantering van die aangeleentheid verwerp en versoek dat alle DA-raadslede by name as teenkanting daarteen genotuleer word, naamlik:

* Raadsheer J Raats
* Raadsheer P Van Niekerk
* Raadslid De Vries
* Raadslid Me S Crafford
* Raadslid Me E Schreuder
* Raadslid J Liebenberg

8. DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)

8.1 **AFWESIGHEID VAN RAADSLEDE BY VERGADERINGS (3/4/1; PERS)**

Raadslid De Vries versoek dat die Voorsitter die raad inlig met betrekking tot die vordering van die afwesigheid van raadslede by alle vergaderings van die raad.

Die Voorsitter lewer mondeling verslag en meld dat beide die aangeleenthede met betrekking tot afwesigheid van raadslede te wete : Raadslede De Villiers en Swart na die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering verwys is, vir oorweging.

Raadslid De Vries versoek dat 'n skriftelike verslag aan die raad voorgelê word.

RB 916 BESLUIT

Dat die Speaker 'n formele verslag aan die raad voorlê by die volgende raadsvergadering met betrekking tot die afwesigheid van raadslede by alle vergaderings van die raad.

9. AFDELING A: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE

9.1 AANBEVELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

9.1.1 **BEGINSELGOEDKEURING VAN DIE KONSEP HERSIENE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN SDBIP (15/1/5/5)**

RB 917 BESLUIT

Dat die raad die konsep Hersiene Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en SDBIP vir Bergrivier Munisipaliteit goedkeur.

9.1.2 **APPROVAL : DRAFT BUDGET : 2011-2013 FINANCIAL YEAR (5/1/1-2011/2012)**
(Document was distributed at meeting – Annexure B)

Die Uitvoerende Burgemeester lewer sy begrotingsrede rakende die konsepbegroting vir die 2011/2012 finansiële jaar, waarna die Voorsitter hom bedank.

Die vergadering breek om 11:30 en hervat om 11:40.

Raadsheer Raats versoek dat die kredietbeheerbeleid so streng as moontlik toegepas moet word.

Die Voorsitter bedank die Finansiële -en Begrotingsloodskomitees vir die uitstekende werk gelewer.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat wyer gekonsulteer en deeglik besin word, alvorens die raad "blacklisting" met betrekking tot swak betalers sal implementeer.

RB 918 BESLUIT

Dat die raad die konsepbegroting vir die 2011/2012 finansiële jaar aanvaar.

9.2 BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE ACCORDING DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED

- Geen / None

10. AFDELING B: IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION B : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)

10.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

- Geen / None

10.2 BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS ACCORDING DELEGATED POWERS AND ITEMS OF WHICH COGNISANCE SHOULD BE TAKEN, FOR INFORMATION OF COUNCIL

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:55

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.

_____ _____

VOORSITTER (SPEAKER) ***DATUM***